



Resultate persverklaring vir die ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2025

REMGRO LEWER STEWIGE VERDIENSTEPRESTASIE EN KONTANTVLOEI WAT 'N AANSIENLIKE DIVIDENDVERHOGING MOONTLIK MAAK

- Wesensverdienste per aandeel: op met 38.5% tot 931 sent
- Tussendividend per aandeel: op met 80.2% tot 173 sent
- Intrinsieke netto batewaarde (INBW) per aandeel soos op 31 Desember 2025: op met 1.6% tot R297.03 sedert 30 Junie 2025

Oorsig

Remgro het vandag stewige tussenresultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025 (HJ26) aangekondig, gesteun deur die volgehoue verbetering in die bedryfsprestasie van die meeste van sy onderliggende beleggings. Hierdie prestasie is konsekwent met die momentum van die vorige vergelykende tydperk, waar Remgro betekenisvolle verbeterings gerapporteer het, ondersteun deur stewige bydraes van sy onderliggende portefeulje.

Die stewige verdiensteprestasie word gesteun deur Remgro se voortgesette strategiese fokus van gedissiplineerde kapitaaltoewysing, optimalisering van die portefeulje en aktiewe vennootskap met onderliggende beleggings, wat 'n beter bedryfsvertoning en langtermynwaardeskepping bly ondersteun.

Jannie Durand, HUB van Remgro, lewer soos volg kommentaar oor die HJ26-resultate: *“Ons is bemoedig deur die volgehoue verbeterings regoor die portefeulje in die tydperk onder oorsig. Die vordering wat ons gesien het, weerspieël die veerkragtigheid en gehalte van ons onderliggende beleggings, asook die stewige fondasies wat die afgelope paar jaar gelê is terwyl die portefeulje vereenvoudig, gestroomlyn en gefokus is. Ons strategie word steeds met vasbeslotenheid uitgevoer en die pogings van ons bestuurspanne is toenemend sigbaar in die bedryfsresultate wat gerapporteer word. Terwyl die breër makro-ekonomiese omgewing onstabiel bly, glo ons dat die portefeulje, met die ondersteuning van gedissiplineerde kapitaaltoewysing en stewige vennootskappe met ons bestuurspanne, goed geplaas is vir voortgesette groei.”*

Finansiële oorsig

Vir HJ26 het wesensverdienste met 38.8%, vanaf R3 728 miljoen tot R5 175 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 38.5% vanaf 672 sent tot 931 sent, toegeneem het. Die verdienstegroei-momentum wat in die 2025-finansiële jaar ondervind is, is in die eerste helfte van die 2026-finansiële jaar voortgesit en het tot die stewige groei in wesensverdienste, gelei. Die toename in wesensverdienste is hoofsaaklik as gevolg van:

- verhoogde bydraes van Mediclinic Holdings Beperk (Mediclinic) (+R485 miljoen), Rainbow Chicken Beperk (+R280 miljoen), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) (+R264 miljoen) en Heineken Beverages Holdings Beperk (+R166 miljoen) as gevolg van verbeterde bedryfsvertonings;
- 'n verhoogde bydrae van TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (+R330 miljoen), hoofsaaklik as gevolg van 'n eenmalige Transnet-pyplynkoste terugbetaling; en
- laer finansieringskoste as gevolg van die aflossing van die voorkeuraandeel gedurende die vorige jaar (+R95 miljoen);
- deels teengewerk deur 'n laer bydrae van RCL Foods Beperk (-R240 miljoen), hoofsaaklik weens 'n swakker vertoning deur die suikerbesigheidseenheid.

Kommentaar op die prestasie van elk van die onderliggende beleggings se rapporteringspilare word in die ongeouditeerde tussenresultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025 hiermee saam vrygestel.

Totale verdienste het R5 168 miljoen (31 Desember 2024: R3 658 miljoen) bedra. Hierdie toename in verdienste is hoofsaaklik weens die toename in wesensverdienste (R1 447 miljoen), soos hierbo bespreek.

In ooreenstemming met die groeimomentum in wesensverdienste in die 2025-finansiële jaar, het Remgro sterk kontantvloei-generering by die kern vir die tydperk onder oorsig ondervind, hoofsaaklik te danke aan 'n toename van 34% in gewone dividende ontvang vanaf onderliggende beleggings ten bedrae van R2 428 miljoen (ses maande tot 31 Desember 2024: R1 816 miljoen). Hierdie bedrag sluit onder andere die CIVH voorimplementeringsdividend van R2 661 miljoen uit, wat ontvang was met die finalisering van die CIVH/Vodacom Eiendoms Beperk (Vodacom)-transaksie gedurende Desember 2025.



Remgro se INBW per aandeel het met 1.6% (3.4% as aangepas vir uitkerings gedurende die tydperk onder oorsig) vanaf R292.34 op 30 Junie 2025 tot R297.03 op 31 Desember 2025, toegeneem. Remgro het 'n finale dividend van 248 sent per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 betaal, 'n spesiale dividend van 200 sent per aandeel en sy belegging in eMedia Holdings Beperk ontbondel. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2025 was R181.61 (30 Junie 2025: R158.20), wat 'n toename van 14.8% vir die tydperk onder oorsig verteenwoordig.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025, sal Remgro 'n bruto tussendividend van 173 sent per aandeel betaal, 'n toename van 80.2%.

Opdatering van korporatiewe bedrywighede

Remgro se samesmeltings en verkrygings (M&A)-aktiwiteite gedurende die tydperk is gekenmerk deur 'n wesentlike strategiese belyning van die portefeulje, waarvan die in-beginsel, nie-bindende ooreenkoms wat met MSC Mediterranean Shipping Company SA aangegaan is om hul onderskeie belange in Mediclinic te herstruktureer, die belangrikste was. Onder die voorgestelde terme, sal Remgro volle eienaarskap van Mediclinic se Suider-Afrikaanse bedrywighede aanvaar en MSC volle eienaarskap van die Switserse Hirslanden-besigheid, terwyl beide partye sal voortgaan om hul onderskeie gesamentlike Midde-Oosterse en Spire Healthcare-belange te hou. Die ooreenkoms is gegrond op 'n 1:1-ekwiteitswaarderuiling in ooreenstemming met toepaslike waardasies in Remgro se INBW op 30 Junie 2025 en is steeds onderhewig aan finale onderhandelings, regulatoriese goedkeuring en die afhandeling van bindende transaksie-ooreenkomste. Daarby is die tydperk gekenmerk deur die afhandeling van die CIVH/Vodacom-transaksie nadat regulatoriese goedkeuring verkry is. Dit het Remgro se indirekte belang in DFA en Vumatel verwater, maar blootstelling gegee aan bates wat deur Vodacom bygedra is, asook 'n voorimplementerings-dividend ten bedrae van R2 661 miljoen aan Remgro.

Verdere portefeulje-optimalisering is verkry deur 'n aantal vervreemdings, waarvan die verkoop van Remgro se oorblywende belang in British American Tobacco gedurende die tydperk onder oorsig asook die verkoop van 'n gedeelte van Remgro se aandeelhouding in FirstRand vir R4.88 miljard na 31 Desember 2025, die belangrikste was.

Volgehoue waardeskepping in 'n tydperk van verhoogde onstabiliteit

"Namate ons uitvoering gee aan ons langtermynstrategie, bly ons daartoe verbind om in vennootskap met ons bestuurspanne bedryfsprestasie by alle onderliggende beleggings te verbeter, gedissiplineerde kapitaaltoewysing te handhaaf en ons portefeulje te vereenvoudig ten einde ons beleggingsfokus te verskerp. Die vordering wat tot dusver gemaak is, is bemoedigend en ons is verheug dat die gedissiplineerde uitvoering van ons strategie sigbaar is in beter prestasie oor tydperke heen, asook sterk kontantgenerering by die kern – beide sleutelaanwysers vir waarde-ontsluiting aan aandeelhouders.

Terwyl die bedryfsomgewing ingewikkeld en veranderlik is, bly ons fokus op dié aspekte wat binne ons beheer is: prestasieverbetering deur die optimalisering van die portefeulje en die identifisering van kapitaaltoewysingsgeleenthede wat volgehoue langtermynwaarde skep. Ons erken dat eksterne uitdagings sal voortgaan om ons veerkragtigheid te toets en aanpasbaarheid en innoverende oplossings te verg, maar is vol vertroue dat ons volgehoue klem op bedryfsvoortreflikheid en groei ons in staat sal stel om ons strategiese doelwit te bereik, om verdere waarde vir ons aandeelhouders te ontsluit," het Durand afgesluit.

Kontak: Remgro Beperk
Lwanda Zingitwa (Beleggeververhoudings)
investor.relations@remgro.com

Uitgereik en versprei deur: Remgro Beleggeververhoudings

Uitreikingsdatum: 25 Maart 2026

JSE en A2X aandelekode: REM

Webwerf: www.remgro.com
